SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 10 JULIE 2005

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar sowel as per Echolink vanaf ZS6FCS. Willem, ZS6ALL, herlei tydelik die bulletin op 3 695 kHz ESB. Aanbiedinge van vrywilligers vir herleiding op 3 695 kHz, met goeie ontvangs vanaf die 145,725 herhaler in Pretoria, sal verwelkom word. Stuur asb. u aanbiedinge aan George, ZS6NE, dmv. e-pos na gth@absamail.co.za. Gedurende die afgelope week is geen aanbiedinge ontvang nie.

In die nuus vandag:

ZRre HOU DAARDIE FREKWENSIES DOP; MOENIE JOU LISENSIE IN GEVAAR STEL NIE

DIE SARL SE RTA OPE DAG 'N FEES VIR TUISBOUERS

MEER DONASIES VIR DIE SARL SE IARU-FONDS ONTVANG

NOG 'N AFRIKA SESMETER AMA EERSTE

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems. Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675 2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradioaangeleenthede.

Sarlnuus maak staat op nuusinsette van klubs en individue aangaande amateurradioaktiwiteite. Die enigste manier om te verseker dat u berigte Sarlnuus bereik is om dit in die korrekte plek op die webwerf van die SARL nl. www.sarl.org.za/newsinbox.asp te plaas nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Daar is geen waarborg dat u bydrae Sarlnuus sal bereik, of in 'n bulletin ingesluit sal word, indien dit op enige ander manier, of later as die Donderdag, ingestuur word nie. Indien moontlik doen dit asb. in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL en die nuus volg in besonderhede.

ZRre HOU DAARDIE FREKWENSIES DOP; MOENIE JOU LISENSIE IN GEVAAR STEL NIE

Toe die wysigings aan die radioregulasies in Februarie vanjaar gepubliseer is, is aan ZR-lisensiehouers vir die eerste keer HF-voorregte toegeken. Daar is egter sekere beperkings hieraan verbonde.

Terwyl ZRre volle toegang oor die hele 160, 80 en 40 meterbande geniet, beperk die regulasies toegang tot sekere gedeeltes van die 20, 15, en 10 meterbande.

ZR-lisensiehouers mag slegs die volgende segmente van hierdie bande gebruik:

20 meter 14 070 - 14 099 en 14,225 - 14 250 kHz; 15 meter 21,070 - 21 120 en 21 300 - 21 450 kHz; 10 meter 28 050 - 28 150 en 28 300 - 28 500 kHz.

ZRre dien daarop te let dat hulle hierdie beperkings in ag neem ten einde te verseker dat hulle nie hulle lisensies in gevaar stel nie. OKOSA het die SARL in kennis gestel dat hulle opgemerk het dat ZRre buite die toegekende bandsegmente bedrywig was en dat hulle nie sal aarsel om op te tree en lisensies van die oortreders kanselleer indien volgehou word met oortreding van die regulasies nie.

"Met die opgraderingsproses nou in werking, nooi ek ZRre om opgradering na 'n volle ZS-lisensie te oorweeg", het die SARL se President Graham Hartlett, ZS6GJH, gesê. "Volledige besonderhede is nou op die SARL se webwerf nl. www.sarl.org.za beskikbaar".

DIE SARL SE RTA OPE DAG 'N FEES VIR TUISBOUERS

Die SARL se RadioTegnologie-in-Aksie ope dag op 20 Augustus sal baie aktiwiteite vir tuisbouers voorsien. Gedurende 'n twee uur lange gleuf in die lesingsprogram sal Haydn Stanley, ZS6AZJ, oor QRP-konstruksie praat sowel as pseudo oppervlakmontering van komponente. Bob Innes, ZS6RZ, sal draadantennas en elektronika- en radioboustelle bespreek. Die eerste konsepprogram is nou op die SARL se webwerf nl. www.sarl.org.za beskikbaar.

Die toegengsgeld is R20 wat deelname aan die bywoningstrekking, met verskeie aantreklike pryse, insluit. Luister na volgende week se bulletin van die SARL vir verdere besonderhede. Intussen, teken 20 Augustus vir 'n besoek aan die SARL se Nasionale Amateurradiosentrum aan.

MEER DONASIES VIR DIE SARL SE IARU-FONDS ONTVANG

Die SARL se IARU-fonds staan nou op R18 661. 'n Aansienlike aantal radioamateurs het bydraes tot die fonds ingesluit toe hulle hulle jaarlikse lidmaatskap van die SARL hernu het. Die lys is te lank om in die bulletin uitgelees te word. Erkenning is aan hulle verleen op www.amateurradio.org.za, die webwerf van die SA Amateurradio Ontwikkelingstrust. Baie dankie vir u bydraes.

NOG 'N AFRIKA SESMETER AMA EERSTE

Nog 'n Afrika sesmeter AMA eerste is deur Paul, ZS6NK, daargestel toe hy suksesvol met Rolf, PY1RO, kontak gemaak het en hy daardeur die laaste benodigde kontinent verkry het vir sy aansoek vir die 50 MHz AMA "Worked All Continents Award". Paul en Rolf het verskeie kere gedurende die afgelope twee jaar via AMA probeer kontak maak, maar 'n kombinasie van swak voortplanting, toerustingfalings en lokale geraas aan die een of die ander kant van die pad het tot onlangs suksesvolle kontak verhoed. Hierdie sal heerwaarskynlik slegs die tweede sesmeter AMA WAC in die wêreld wees en beide hierdie operateurs word gelukgewens met 'n allergrootste poging. Welgedaan menere!

KLUBKOMPETISIE

Vir die afgelope twee maande het die Bloemfontein Radioamateurklub 'n kompetisie aangebied met 'n jaar lidmaatskap van die SARL as prys. Al wat nodig was om deel te neem was lidmaatskap van die Bloemfontein RAK en om na klubbulletins in te rapporteer. Tydens die klubvergadering op Dinsdag 5 Julie 2005 is die trekking gedoen en die wenner van 'n jaar se lidmaatskap van die SARL is Marthina Botha, ZS4MB. Baie geluk Marthina!

MORSEKODENUUS

Hierdie sowel as die daaropvolgende nuusitem is uit die WIA se nuusbrief verkry.

Dit is net meer as twee jaar gelede dat die besluit by die WRC 2003 geneem is dat morsekode nie meer 'n verpligte vereiste vir toegang tot die HF-amateurbande hoef te wees nie en baie lande het dan ook hierdie vereiste geskraap. Wat was die gevolg hiervan?

Daar blyk geen teken van 'n afname in die belangstelling in GG en die gebruik daarvan te wees nie. Luister in die HF-bande en dikwels is daar meer gelyktydige GG-kontakte as wat daar op foon is.

DXpedisies en verskeie spesiale geleentheidstasies demonstreer dat hulle wat GG in hulle modusse insluit groter sukses behaal.

Kompetisies is 'n ander area van GG-krag. Morsekodebedryfsklubs lok nuwe lede.

Advertensies vir GG-studiemateriaal verskyn gereeld in die amateurkolomme vir beskikbare en gesoekte apparaat tesame met tweedehandse reguit en spaansleutels. Vervaardigers van spaansleutels doen blykbaar goed. Nuwe model amateur send/ontvangers kom steeds met ingeboude GG-sleutels.

Samuel Finley Breese Morse sou verseker in sy skik wees om te verneem dat die telegrafiese kode, wat sy naam dra, en 'n rewolusie in wêreldkommunikasie geskep het, deur radioamateurs vir die toekoms in stand gehou word.

HISTORIESE MORSEKODERADIOSTASIE TERUG OP DIE LUG

In die sesde jaarlikse gebeurtenis wat bekend geword het as die "Nag van die Nagte", sal die historiese morsekodestasie KPH terug wees op die lug ter herdenking van die laaste kommersiële morseboodskap wat in die VSA uitgestuur is.

Vanjaar se "Nag van die Nagte" is spesiaal: dit is die 100ste herdenking van KPH.

Stasie KPH sal om 00;01 UTC op 13 Julie sy verskyning op die lug maak tesame met vier ander stasies, verskeie van hulle ook op MF.

KPH, die ex-RCA kusstasie, wat noord van San Francisco geleë is, sal boodskaplyste, weer- en persberigte sowel as spesiale herdenkingsboodskappe uitstuur, baie waarvan per hand gestuur sal word.

KPH sal uitstuur op 4 247, 6 477,5, 8 642, 12 808,5, 17 016,8 en 22 477,5 kHz op HF en 500 en 426 kHz op MF.

KPH-operateurs sal vir roepe van skepe luister op ITU Kanaal 3 in alle bande. Die Kanaal 3 frekwensies is 4 184, 6 276, 8 368, 12 552, 16 736 en 22 280,5 kHz op HF en 500 kHz op MF.

Verdere inligting kan gevind word op die webtuiste van die Maritieme Historiese Vereniging nl. www.radiomarine.org.

Ontvangsrapporte kan gestuur word aan Ms. DA Stoops P.O. Box 381 Bolinas CA 94924-0381 USA

VOORTPLANTINGSTOESTANDE

Wat hieronder volg is verkry van die verslag van Tad Cook, K7RA, van Seattle, Washington, op die webtuiste van die ARRL.

Die aardgerigte skyf van die son het geweldige veranderings ondergaan gedurende die afgelope aantal weke, wisselende van 'n sonvlekgetal van nul op 27 Junie tot 'n lesing van 192 op 4 Julie. Tesame hiermee was geomagnetiese toestande baie stabiel wat 'n goeie kombinasie was vir HF-operateurs. Die gemiddelde daaglikse sonvlekgetal vir die vorige verslagweek was slegs 19, maar dit het gedurende die afgelope week tot bokant 154 gespring wat 'n groot verandering was. Op 4 Julie was die sonvlekgetal 192, die hoogste sedert 26 November 2003.

Op 7 Julie het 'n ontploffing naby sonvlek 786 - tans loodreg op die aarde gerig - 'n koronamassa-uitstraling na die aarde gewerp, wat verwag word om 'n middelmatige geomagnetiese storm tot gevolg te mag hê.

Sonvlekgetalle vir 30 Junie tot 6 Julie was 96, 122, 168, 179, 192, 181 en 143 met 'n gemiddelde van 154,4.

DAGBOEK VAN GEBEURE

24 Julie - Boland ARK 40 meterkompetisie; 31 Julie - Sluitingsdatum vir nominasies vir toekennings vir Siemens Radioamateur-van-die-Jaar; 20 Augustus - RTA Ope dag by die NARS.

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 SAT na Amateur Radio Mirror International op 17 565, 7 205 en 7 082 kHz en op verskeie herhalers te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur George, ZS6NE, en gelees is deur vanuit as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereeld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending sluit nou en SARLnuus wens u ‘n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX